012 111 8360 | diens@helpendehand.co.za | www.helpendehand.co.za

VAN HART TOT HAND NA ANDER

Uit die gemeenskap, vir die gemeenskap

Wie is SOLIDARITEIT HELPENDE HAND?

1. **ONDERSTEUNERS**
Helpende Hand het tans meer as 160 takke in 10 streke om ons aktiwiteite so doelgerig en vaartbelyn as moontlik te maak. Ons het ongeveer 40 000 ondersteuners wat saamwerk om ons doel en strewe te verwesenlik. Hierdie takke en streke maak nasionale, streeks- en takprojekte 'n werklikheid.

2. **FINANSIËLE KUNDIGHEID & EFFEKTIEWE ENTREPRENEURSKAP**
Helpende Hand poog om ons fokusgroepe op te voed deur finansiële kennis oor te dra en begrotingsadvies te gee. Verder is ons verbind tot die bevordering van entrepreneurskap. Die ontwikkeling van idees en die implementering en ondersteuning daarvan vorm die kern van Helpende Hand se veldtogte waarmee Afrikaner-gemeenskappe geleer word om te werk met dít wat hulle het en voort te bou op dít wat aan hulle toevertrou is.

3. **BEJAARDES & GESTREMDES**
Bejaardes lê Helpende Hand na aan die hart en ons fokus deur middel van verskeie inisiatiewe daarop om persone ouer as 60 jaar te ondersteun, trakteer en vereer. Met katarakchirurgie en gehoorapparate maak ons ondersteuners 'n groot verskil in bejaardes se lewens.

4. **HELPJAG-PROJEK**
Die HelpJag-projek se doel is om wildsvleis aan te wend om te verseker dat proteïene daagliks deel is van die maaltye wat ons aan behoeftige kinders voorsien sodat hulle gesond en gelukkig kan grootword. Die HelpJag-projek het 6 550 behoeftige kleuters in 2018 van gebalanseerde maaltye voorsien.

5. **SKOOLTASSIE-PROJEK**
Die Skooltassie-projek verseker dat tassies met skryfbehoeftes aan graadeens voorsien word en gaan elke jaar onverpoosd voort. In 2019 is 5 000 tassies uitgedeel . Hierdie inisiatief is 'n vlagskipprojek wat wyd bekend is en 'n reuseverskil in die lewe van kinders maak.

6. **HELPHETTA-PROJEK**
HelpHetta is die veldtog waarin ons poog om meisie-wees te vergemaklik deur sanitêre doekies aan meisies te voorsien wat dit nie kan bekostig nie. In 2019 het ons 3 000 meisies per maand van sanitêre ware voorsien . Die impak van hierdie projek op die verbreking van armoede is noemenswaardig.

7. **FROUEVONDS**
Die FrouVonds fokus op opleiding en die hantering van armoede in die lewens van jong meisies en vroue. Die naam is doelbewus verkeerd gespel om aan te dui dat alles nie altyd reg verloop nie en dat vroue soms 'n brug na sukses nodig het. Die FrouVonds bou hierdie brug.

8. **ONS WINKELS**
In 2015 het Helpende Hand 14 Ons Winkels gehad. Vandag kan ons met dankbaarheid sê dat ons in 2019 reeds ons 50ste winkel oopgemaak het. Die Ons Winkels dra by tot die finansiering van 'n verskeidenheid projekte, soos Ons Plekke, studielenings, die aanstelling van maatskaplike werkers en werkskepping. Die inisiatief vorm boonop 'n wonderlike netwerk in Helpende Hand .

9. **STUDIETRUST**
Sedert 2009 het ons reeds meer as R230 miljoen in behoeftige studente se studiedrome belê, en in 2021 gaan ons nog R48 miljoen se studiehulp aan 1 200 behoeftige studente uitbetaal.

10. **INTERNASIONALE SKAKELING**
Internasionale skakeling is 'n inisiatief van Solidariteit Helpende Hand wat daarop gemik is om fondse uit die buiteland te bekom vir die stryd teen Afrikaner-armoede.

11. **STOPHONGER- EN KOSBLIKKIE-PROJEK**
Meer as 8 000 kleuters is tans deel van Solidariteit Helpende Hand se voedingsprojek. Die projek fokus daarop om behoeftige kleuterskole met koopbewyse vir kos te ondersteun. Besoek gerus www.stophonger.co.za om meer van hierdie projek te wete te kom .

12. **BEMAGTIG-'N-KIND-PROJEK**
Die Bemagtig- 'n-Kind-projek is 'n inisiatief om geleenthede vir behoeftige kinders moontlik te maak. Ons help om kinders uit armoede en uitdagende maatskaplike omstandighede op te hef sodat hulle hul volle potensiaal kan verwesenlik. Hierdie fonds voorsien onder meer in behoeftes soos koshuisgelde, vervoer skool toe, remediërende onderrig en terapie.

13. **TEKKIES & TOKS-PROJEK**
Die Tekkies & Toks-projek is 'n inisiatief van Helpende Hand en die VlokSkop Stigting. Die doel van die projek is om tekkies en/of toks aan behoeftige hoërskoolleerders te skenk. Ons besef die belangrikheid van sport vir kinders op soveel vlakke van hulle ontwikkeling. Sport dra nie net by tot kinders se fisiese gesondheid nie, maar ook tot hul emosionele en verstandelike ontwikkeling. Hierdie projek gaan oor meer as net skoene ... Finansies moet nooit die rede wees dat kinders nie aan sport kan deelneem nie.

Hoe en waar kan jy HAND bysit?

1 SKENK

Ons het meer as 40 000 ondersteuners landswyd wat maandeliks finansieel bydra en ons in staat stel om armoede te verlig, te voorkom en te verbreek. Jy kan ook deur 'n debietorder 'n maandelikse bydrae van minstens R50 maak.

SMS die woord "hand" na 45763 (elke SMS kos R2) en ons sal jou kontak. Jy kan ook 'n eenmalige bedrag aan Helpende Hand skenk.

Ons bankbesonderhede is soos volg:
Rekeningnaam: **Solidariteit Helpende Hand**
Bank: **FNB** | Takkode: **250 655**
Rekeningnommer: **623 314 45503**
Verwysing: **Die projek wat jy kies om te ondersteun**

2 ERE-ONDERSTEUNERS

Helpende Hand stel met trots ons ere-ondersteunersnetwerk bekend – 'n netwerk van ondersteuners wat almal óf ouer as 80 jaar is óf gestremdhede het – 'n netwerk wat saam droom, glo en verstaan! Helpende Hand nooi almal bo die ouderdom van 80 jaar en almal met gestremdhede uit om gratis by ons aan te sluit as ere-ondersteuners.

Besoek gerus https://helpendehand.co.za/ere-ondersteunder/ indien jy belangstel.

3 VRYWILLIGERS EN ONDERSTEUNERS

Word as vrywilliger deel van die Helpende Hand-familie. Kontak jou naaste tak deur 'n e-pos aan diens@helpendehand.co.za te stuur of besoek www.sluitaan.co.za en word 'n ondersteuner wat maandeliks 'n bedrag skenk.

SnapScan

SOLIDARITEIT HELPENDE HAND – DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING